The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

AVE: R 10725.98

vanwaar **obikwa?**

Van links: Moscato, Chenin Blanc, Pinotage en Shiraz

➔ Sedert die Obikwa-wyne van Distell in 2009 ook in Suid-Afrika bemark word, vloei die geld omtrent by hul voordeur in.

Dit kan nou in meer as 50 lande wêreldwyd gedrink word met Kanada, Australië en Nieu-Seeland steeds hul grootste afsetpunte.

➔ Obikwa is sinoniem met pret en vul die gate in die Suid-Afrikaanse mark wat lank oorgesien is en wat eerder met die weggesteekte boks wyn in die yskas gevul is.

Dit stel nuwe wyndrinkers aan 'n hele rits kultivars bekend en waarborg die winskopiejagter dat hy 'n druifsoort sal vind waarmee hy bekend is.

Almal kos minder as R30 – van sauvignon blanc, chardonnay, chenin blanc, cabernet sauvignon, pinotage, pinotage rosé, shiraz en merlot tot 'n moscato.

Laasgenoemde seker die opwindendste een as 'n mens na die moscato-herlewing kyk.

➔ Die inspirasie vir die naam kom van 'n inheemse stam, die Obiqua San-mense, wat in die Wes-Kaap gewoon het.

Die Obiquaberge in Tulbagh is ook na hulle genoem. Hulle het na aan die natuur gelewe en dikwels saam met volstruise getrek. As jy dus na die wyne op die rak soek, trek 'n etniese volstruis in allerlei kleure jou aandag.

Hul leë eiers is onder meer ook gebruik om water te stoor, so hulle was baie belangrik vir die San.

➔ Obikwa was ook een van die eerste handelsmerke wat na die ligter (350 g teenoor 450 g), omgewingsvriendelike glasbottel oorgeskakel het om hul koolstofvoetspoor te verminder en meer volhoubaar te wees.

➔ Dit is 'n produk van bestendige gehalte en jy weet altyd wat om te verwag.